# Hoofstuk van die dag: Numeri 3

> *Moses, Aäron en Aäron se seuns het aan die oostekant voor die tabernakel, voor die tent van ontmoeting, kamp opgeslaan. (vers 38)*

Hierdie hoofstuk beklemtoon die heiligheid van God, en die

noodsaak dat die Israeliete hulle afstand van die heiligdom moes behou. Hulle kon nie direk tot God nader by die tent van ontmoeting met hulle offers nie; die priesters moes dit namens hulle doen. Boonop was daar ’n buffer tussen die Israeliete en die heiligdom, waar God simbolies teenwoordig was. Dié buffer is beman deur die priesters en Leviete. Hulle het rondom die tabernakel hulle kampe gehad, met die priesters en Moses aan die oostekant, teenoor die ingang van die tent van ontmoeting.
Ons lewe voor God vandag is natuurlik heeltemal anders, want Jesus het vir ons die afstand tussen God en ons oorbrug. Dit is die betekenis van die voorhangsel in die tempel wat geskeur het met Jesus se sterwe (Matt 27:51). Ons het nou deur die bloed van Jesus vrye toegang tot die heiligdom (Heb 10:19), skryf die Hebreër-skrywer (vgl ook Ef 2:18). God hou ons nie meer op ’n afstand nie. Deur Jesus se bloed het ons wat vroeër ver van God was, nou naby gekom (Ef 2:13).
Naby God. Dit is jou realiteit en voorreg.

## Onlangse Bydraes

- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming
- Lot

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026